
# Prente vir die lekker

## *Grobler bekroon vir illustrasies*

SARSIES

LAETITIA POPLE



Piet Grobler Foto: EDREA CLOETE

**Die kunstenaar Piet Grobler is pas vir sy illustrasies met die Katherine Harries-toekenning bekroon; 'n nuwe boek deur hom geïllustreer, *Freya Fiemies*, is op die rakke, en volgende week word nóg 'n kinderboek van hom in Nederland in Nederlands uitgereik.**

**JY is onderweg na Nederland vir die uitreiking van 'n nuwe boek wat jy geskryf en geïllustreer het. Vertel meer.**

Die titel is *Rooi-Kiri Wordt Verliefd*. Dis lente en Rooi-Kiri, 'n klein voëltjie, wens sy kan, soos al die ander diere, verlief raak. Maar op wie? Sy gaan vra rond by al die diere om uit te vind hoe die perfekte man sal wees. Monica die Vlakvark dink die droomman plas rond in 'n modderplas en het 'n mooi regop stertjie; Sara die slang dink die droomman is so lank en dún dat hy by nessies kan inglip om eiertjies vir sy liefie te steel... En so aan.

Elke keer pas Rooi-Kiri hierdie eienskappe toe op 'n voëltjie en sien rare gedagteprentjies – wat nie vir voëltjies werk nie. Op die ou end vind Rooi-Kiri uit dat liefde dikwels op jou eie drumpel is. Maar ek wil nie die slot verklap nie.

**Daarna na Bologna, wat gaan jy daar doen?**

Lekker! Na die Kinderboek-mark. Dis die grootste internasionale byeenkoms van uitgewers, skrywers en illustreerders wat hulle met kinderboeke besig hou. Van Mongolië tot Argentinië af kom hulle... en al die lande tussenin. Dis omtrent ses keer so groot soos ons Kaapstadse Boekefees en daar is miljoene prenteboeke (en ook jeugboeke) te sien. En ek gaan my gesig ook lekker volstop met die hemelse Italiaanse kos.

**Vertel van jou werkwyse.**

Ek lees die teks so tien keer deur en loop en herkou dit weke of maande lank totdat ek weet hoe dit moet lyk. (Ek herkou nou al drie jaar aan die illustrasies vir 'n Afrikaanse *Alice in Wonderland*, André P. Brink se vertaling.) Dan illustreer ek. Dadelik met die finale medium.

Soms maak ek so drie weergawes van dieselfde dubbelblad totdat ek weet dit werk vir my... of dan vir my beskouing van die teks. Die beelde moet natuurlik nie net 'n herhaling van die teksinhoud wees nie. Dit moet iets addisioneels wees, soms selfs weersprekend – afhangend van die teks.

Prenteboeke is soos teater of 'n rolprent. Party dinge word deur die beelde gesê en ander deur woorde. Maar hulle dans met mekaar en maak nie dieselfde passies nie, al beweeg hulle saam.

**Vind jy dat kinders puntenerige en ondersoekende lesers is?**

Moontlik, ja. Hulle neem fyn waar en jy *fool* hulle nie sommer nie. Maar alle kinders, nes grootmense, is natuurlik nie eenders nie. Party is slim; party is dom. Party hou van uitdagende boeke; ander van maklikes.

Party is visueel-geletterd; ander nie. Dis (nes volwasse lesers) geen homogene groep nie.

**Wat beteken 'n bekroning soos die Katherine Harries-prys vir jou?**

Baie, want daar is min (veels te min) pryse vir prenteboek-illustrasie in ons land. En dit terwyl dit die belangrikste letterkundige genre is. Hoe gaan ons lesers grootmaak as ons nie ernstiger is oor prenteboeke en kinderliteratuur in die algemeen nie? Die Katherine Harries-prys was nog altyd die plaaslike prys met die mees akademiese benadering en derhalwe met die meeste statuur.

Dankie tog dat daar weer borge op wit perde aangekom het en die prys laat herleef het. Pryse moedig boekmakers aan, want almal hou van aandag en erkenning.

Verder maak dit die genre sterker omdat dit 'n akademiese gesprek rondom prenteboeke aan die gang (kan) sit.

**Wou jy 'n brandweerman word as kind?**

Nee, glad nie. Liewer 'n kunstenaar (regtig) of 'n akteur of so iets.

**Droom jy in kleur?**

My drome is eerder emosies en woorde as prente.

**Van watter van jou tekeninge (karakters) hou jou dogter die meeste? En hoekom?**

Sy hou nogal van *Freya Fiemies* en die padda van *Net Een Slukkie Padda*. Dit lyk my sy is iemand vir anti-helde! Tog is my eie boeke nie noodwendig haar gunstelinge nie.

**Wat is die grootste geskenk wat 'n mens vir 'n kind kan gee?**

Ek loop gevaar om *cheesy* te klink, maar dis sonder twyfel maar liefde en aanvaarding. En 'n sin vir fantasie ook. Vir die lekker.

**Jy het jou eie klein galery op Stellenbosch. Vind jy tyd om ander kuns te skep?**

Nie baie nie. My ander kuns is altyd ook narratief en lyk ook asof dit uit prenteboeke kom. Maar ek smag nie daarna om dit teen mure te hang nie. Dis vir my veel belangriker om boeke te maak.

**Wat voed jou kuns?**

Lees, prente kyk en reis. Ver plekke en vreemde mense en diere.